Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

SEPTEMBER 2017

AFRIKAANS HUISTAAL V3

PUNTE: **100**

TYD: **2½ uur**

* A F R H L 3 *

Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings.

AFDELING A:	Opstel	50 punte
AFDELING B:	Langer Transaksionele Tekste	(25 x 2) 50 punte

2. Beantwoord EEN vraag in AFDELING A en TWEE vrae in AFDELING B.

3. Skryf in die taal waarin jy geassesseer word.

4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Jy moet jou werk beplan (bv. 'n breinkaart/diagram/vloeidiagram/ kernwoorde, ens.), proeflees en redigeer. Die beplanning moet VOOR die finale produk gedoen word.

6. Alle beplanning moet duidelik aangedui word en daarna netjies deurgehaal word.

7. Jy moet jou tyd soos volg bestee:

AFDELING A:	ongeveer 80 minute
AFDELING B:	ongeveer 70 (35 x 2) minute

8. Nommer elke skryfstuk korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

9. Die titel/opskrif word NIE in aanmerking geneem wanneer die woorde getel word NIE.

10. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A:OPSTEL

VRAAG 1

Kies EEN van die volgende opdragte en skryf 'n OPSTEL van 400–450 woorde. Skryf die nommer en die titel boaan jou opstel.

1.1 **In 'n oogwink het alles verander.** **[50]**

1.2 Swak lewensomstandighede kan nie sukses keer nie. **[50]**

1.3 Mense/Dinge wat my hare laat rys. **[50]**

1.4 Die mens is vir vreugde geskape
en as ons in die hemel kom
is die eerste ding wat ons sal hoor
Kom speel!
[Marthinus Versfeld] **[50]**

1.5 **Dinge wat ek sal mis na matriek.** **[50]**

1.6 Bestudeer die prikkels hieronder en skryf 'n OPSTEL oor EEN. Skep jou eie titel.

1.6.1

[50]

[Bron: Google Images]

1.6.2

[50]

[Bron: www.dreamstime.com]

1.6.3

[50]

[Bron: Google Images]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B: TRANSAKSIONELE TEKSTE

VRAAG 2

Kies TWEE van die volgende opdragte en skryf 180-200 woorde oor elk.
Skryf die nommer van die teks wat jy gekies het, neer.

2.1 **FORMELE BRIEF**

Die plaaslike internetkafee soek 'n skoolmeisie/-seun om naweke te help om ouer mense internetvaardig te maak.

Skryf 'n FORMELE BRIEF aan die bestuurder waarin jy aansoek doen om hierdie betrekking. **[25]**

2.2 **ONDERHOUD**

Julle skool was bevoorreg om 'n uitruilstudent van Duitsland 'n jaar lank in jul skool te akkommodeer.

Skryf die ONDERHOUD wat jy as joernalis van die skoolkoerant met hierdie student gevoer het oor sy/haar verblyf en ervarings gedurende hierdie tydperk. **[25]**

2.3 **HULDEBLYK**

Jou gunsteling onderwyser/onderwyseres aan wie jy baie geheg was, is onlangs na 'n lang siekbed oorlede. Jy moet die huldeblyk aan hom/haar tydens die roudiens in die skoolsaal lewer.

Skryf die HULDEBLYK. **[25]**

2.4 **INFORMELE VERSLAG**

Jy het ondersoek ingestel na tienergeweld wat toenemend op die skoolgronde in jou gemeenskap plaasvind.

Stel 'n INFORMELE VERSLAG vir publikasie in die skoolkoerant saam waarin jy jou bevindinge weergee. **[25]**

2.5 **INFORMELE BRIEF**

Jy het in 'n onverwagte gewelddadige situasie beland en jy moes koes vir jou lewe. Jy het waardevolle hulp en raad ontvang oor hoe om hierdie trauma te verwerk.

Skryf 'n INFORMELE BRIEF aan jou berader om jou waardering uit te spreek. **[25]**

2.6 **RESENSIE**

'n Opwindende jeugroman is onlangs bekroon met die eerste prys in LAPA Uitgewers se jeugromanwedstryd.

Skryf 'n RESENSIE oor hierdie boek wat jy gelees het. **[25]**

TOTAAL AFDELING B: 50
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou